Dink net daaraan - die bevolking word in veertig jaar se tyd verdubbel ! Besef u dat ons net soveel huisvesting in die volgende veertig jaar sal moet verskaf as wat daar verskaf is sedert Jan van Riebeeck aan die Kaap geland het ? Waar gaan die mense woon ? In die eerste plek gaan die stedelike gebied verder en verder uitbrei, en beter vervoerstelsels sal ontwikkel moet word sodat die mense langer afstande binne redelike tye kan aflê. Dan sien ek dat groot stadsvernuwingskemas aangepak sal moet word; die ouer voorstede sal herontwerp moet word met n h  er woondigtheid, sodat

groot getalle mense naby die stad gehuisves kan word. Ek kan vooruit sien dat n baie groter persentasie van ons bevolking in die toekoms in hoë geboue sal woon en dat dit al moeiliker sal gaan om n losstaande huis te bekom.

VRYE TYD

n Ander faktor waarmee daar rekening gehou moet word, is die voorspelling dat die werkure in die jare wat voorlê al korter gaan word en dat die mense dus meer vrye tyd sal hê. Die gemiddelde werker sal met die toename in die vrye tyd en die standaardisering en meganisasie van werkprosesse, verplig wees om sy grootste belangstellings buite sy werk te soek. Die belangrikste feit wat ontspanning betref, is dat dit vinniger toeneem as ons vermoë om dit verstanding te benut. Nog n belangrike faktor is dat hoe eentoniger n werker se werk is, hoe eentoniger is die ontspanning wat hy in sy vrye tyd soek; baie moderne soorte werke is geneig om n passiewe houding, sonder enige vindingrykheid, teenoor ontspanningsbedrywighede te laat ontwikkel. Dit is dus uiters belangrik dat mense, veral die jong mense, geleer moet word om hulle vrye tyd op gesonde en konstruktiewe wyse te bestee.

TOERISME

Daar is op n onlangse simposium syfers verstrek van die toeristeverkeer wat ons in Suid-Afrika kan verwag; teen die jaar 1990 behoort 470,000 toeriste die land te besoek. Watter ontspanningsgeriewe kan ons die besoekers aanbied wanneer hulle ons stede besoek? Sal ons in Johannesburg n nagemaakte goudmyn, n replika van Ferreira se Kamp, n Bantodorp, n straattoneel uit die ou tyd hê? Sal ons aantreklike restaurante en teetuine van die kafee tipe in die parke van al ons vermaamste stede hê? Ek hoop dat ons n paar van die dinge sal hê, want die ontspanningswaarde daarvan is ontsaglik, en die merendeel daarvan kan onder die beheer van die verskillende parke-afdelings staan.

Ons het vandag hier met sake met betrekking tot parke en ontspanning te make. Hoe raak die bevolkingsontploffing, die verskuiwing van mense van een gebied na n ander, en toerisme ons? Wat is ons taak, en hoe kan ons vir al die mense voorsiening maak? Waarvoor probeer ons voorsiening maak?

Watter soorte parke het ons nodig? Watter soort ontspanning het die mense nodig en wil hulle graag hê? Hoeveel grond het ons nodig om in die behoeftes te kan voorsien, en hoe ver moet dit van die mense se huise af wees? Het die mense in die verskillende inkomstegroepe verskillende behoeftes en het woonstelbewoners meer ontspanningsgeriewe nodig as die mense wat in huise woon? Sal die mense, na gelang die bevolkingsdigtheid toeneem, feitlik almal toeskouers moet word of sal hulle nog aan sport deelneem? Gaan ons die aard van die mense verander? Sal ons plattelandse mense wat na die stede toe kom en wat in wese boere is en geheg aan die grond is, verlore en uit hulle plek uit voel in die dampe, die lawaai en gejaagdheid van die stadsluwe? Hoe kan hulle kontak met die grond behou? Sal hulle kinders weet hoe plaaswerfdiere lyk?

Ek is nie van plan om die vrae almal vanmiddag te beantwoord nie. Ek wil u laat dink, sodat ons op ons verskillende bedrywigheds terreine kan vooruitsien wat daar van ons vereis word. Laat ons dus twee of drie punte van nader beskou.

Vrye tyd.

Wat bedoel ons met ontspanning ? In die algemeen beteken ontspanning die verfrissing van liggaam en gees na werk, afleiding, speel, vermaak en pret. Dit hoef nie tot sportbedrywighede beperk te wees nie. Ontspanning behoort dus bedrywighede soos plesierritte, die besigtiging en bestudering van landskapterreine, pieknieks, kampeerdery, stap, bergklim, perdry, swem, bootry, hengel, jag, sportbedrywighede, naamlik georganiseerde spele, asook tuinmaak, in te sluit. Opelugontspanning sluit al die bedrywighede in waar n mens se geestelike en liggaamlike krag hernieu en verfris word, met ander woorde, enigiets wat die mens se gees verfris.

Die mate van ontspanning wat die bedrywighede bied, hang af van sekere voorvereistes soos persoonlike smaak en voorkeur sowel as die daaglikse roetinebedrywighede van die persoon. Dit is egter belangrik dat alle faktore saamgespan moet word sodat die bedrywighede met gemak, in gerief en sonder irritasie geniet kan word. Daar word algemeen besef dat ontspanning noodsaaklik vir die werkende man is, en dit is n belangrike aspek van volkswelsyn en gesondheid. Om ontspanning buite die woongebied, en vir die stadsmens buite die besoedelde stadsgebied te verkry, is n baie groot bate, en die drang na ontspanning in die buitelug word al hoe sterker onder die steeds toenemende stedelike bevolking.

n Onlangse opname wat ten opsigte van ontspanning in Amerika, Swede en Brittanje gemaak is, het aangetoon dat die grootste toename in buitelugontspanning in die vorm van woonparke, plesierritte, vakansiehuisse, motorbote, pieknieks en kampeerdery gevind word. Daar is na aanleiding van die opnames tot die gevolgtrekking genaak dat die toekomstige ontwikkeling van buitelugontspanning hoofsaaklik van twee veranderlike faktore afhang: eerstens die ligging van die buitelugontspanningshulpbronne met betrekking tot die ligging van die potensiële gebruikers, hoofsaaklik die stedelike bevolking, en tweedens die vraag hoe maklik die gebruikers die geriewe kan bereik.

Hulpbronne

Wat die parke betref, is daar verskillende soorte, byvoorbeeld :

1. Kinderspeelterreine.
2. Plaaslike parke.
3. Plaaslike ontspanningsgeriewe.
4. Streekparke.
5. Streeksontspanningsterreine.
6. Plaaslike wildparke, en
7. Nasionale parke.

1. Kinderspeelterreine

Dit moet binne n redelike afstand van die huise af wees, en kan in plaaslike parke geleë wees en ek wil net meld dat dit beslis voordeliger is om n speelterrein te hê wat baie gebruik word as een wat onberispelik netjies en skoon is.

2. Plaaslike parke.

Die parke is gewoonlik formeel uitgelê met aantreklikhede wat genot verskaf aan volwassenes wat binne n halfmyl van hulle af woon, maar as die parke meer as „longe" moet wees en as die gewone stadsbewoner aangemoedig moet word om die kleiner parke te besoek (wat in baie gevalle feitlik altyd leeg is), moet die stad drastieser stappe doen om hulle aantreklik te maak. Dit is nie n refleksie op die tuinboukundige standaard van die parke nie; dit dui net daarop dat n hoë tuinboukundige standaard nie genoeg is nie en dat plaaslike parke in plekke met bedrywigheid omskep moet word.

Dit is noodsaaklik dat daar in die plaaslike parke aantreklikhede moet wees wat aan die besondere voorkeure en behoeftes van die sosiale groepe in die verskillende dele van die stad voldoen.

3. Plaaslike ontspanningsgeriewe

Die geriewe bestaan gewoonlik uit tennisbane, rolbalperke, voetbal-, krieket- en hokkievelde, en somtyds kleiner swembaddens.

4. Streekparke

Maak voorsiening vir spesiale geriewe soos pieknieks, stap, ensovoorts, en behoort minstens 100 acre groot te wees, waar daar oop ruimtes is waar daar algemene balspeletjies gespeel kan word. n Streekpark behoort genoeg ruimte en geriewe vir n dag se uitstappie te voorsien, waar die hele gesin op verskillende maniere vermaak kan vind. Met die landskapverfraaiing in sulke parke behoort die natuurlike eienskappe van die blomme en wateroppervlakke beklemtoon te word ten einde iets soortgelyks aan n natuurlike en landelike omgewing te skep. Terselfdertyd behoort die mens se ordende invloed ook uitgeoefen te word ten einde daarvoor te sorg dat die voorkoms en die natuurskoon van sulke parke opvallend mooi is en harmonieer. Hulle behoort geleentheid vir fisiese inspanning sowel as bepeinsing te bied.

5. Streeksontspanningsgeriewe

Is beperk tot die voorsiening van geriewe vir georganiseerde spele wat op sportvelde gespeel word sowel as groot swembaddens, op n streekgrondslag. Wanneer n mens Groter Johannesburg byvoorbeeld van nader beskou, is dit duidelik dat die bevolkings ten noorde en ten suide van Johannesburg vanweë kortstigtige beleidsrigtings van die verlede na Johannesburg sal opsien vir die merendeel van hulle streeksontspanningsgeriewe. Met ander woorde, Johannesburg sal geriewe op n half-metropolitaanse grondslag moet voorsien.

6. Plaaslike wildparke

In geskikte gebiede binne of naby die munisipale grense, sal belangstelling in die dierelewe aangewakker kan word.

7. Nasionale parke

Die gebiede onder beheer van die provinsiale of staatsowerhede wat daargestel is vir die bewaring van wild, veldblomme en wildediere, en plekke van historiese belang.

Fundamentele
vraagstukke

Ons moet die volgende fundamentele vraagstukke voor oë hou :

- (a) Die toename in die bevolking is nie iets wat gaan gebeur nie - dit gebeur reeds, en daar is n gestadige verskuiwing van die plattelandse gebiede na die stedelike gebiede.
- (b) Werkure word al korter; gevolglik is daar meer vrye tyd.
- (c) Suid-Afrika doen daadwerklike stappe om meer toeriste te lok, en met die reuse-vliegtuie sal ons elke dag duisende toeriste kry.

Stappe wat gedoen
moet word

Watter stappe moet ons doen ten opsigte van die implikasies van dié feite?

Die tydperk tot die Tweede Wêreldoorlog was n tydvak waarin niemand daaraan gedink het om grond vir ontspanningsdoeleindes opsy te sit en dit te bewaar en te beplan om aan die behoeftes van n noodsaaklike gemeenskapsbedrywigheid, naamlik buitelug-ontspanning, te voldoen nie. Voor die begin van die land se grootskaalse nywerheidsontwikkeling en die gevolglike uitbreiding van die stede het feitlik elke Suid-Afrikaanse gesin sy gunsteling-piekniekplek gehad, en n eie hoekie in die oorvloedige weelde van die natuurlike omgewing was deel van elke Suid-Afrikaner se nasionale erfenis.

Ek wil dit aan die begin sê dat dit vanweë die bevolkingsontploffing nie net n goeie idee is nie, maar dat dit lewensbelangrik is dat die politieke leiers daarvan oortuig moet word dat die behoud van die buiteluglewe en die stimulering van die idee van "terug na die buitelug" die noodsaaklikste element van die Suid-Afrikaanse lewenswyse is. Altesaam sewe acre per 1000 mense is die absolute minimum vereiste vir parke en ontspanningsterreine binne die munisipale gebied en die syfer sluit nie grond vir metropolitaanse en provinsiale parke in wat geriewe vir pieknieks, kampeerderie en soortgelyke bedrywigheede voorsien nie; private sportklubs, munisipale en private gholflubs en oop stukke grond wat vir parke aangewys is, is nie by die syfer ingesluit nie. Die streekpark sal in n tydperk van snelle ekonomiese ontwikkeling aan die verloorkant teen die nuwe nywerheidskompleks wees, tensy ons geesdriftig met die staat en die provinsie saamwerk om grond vir toekomstige ontwikkelingsdoeleindes opsy te sit of te behou, sodat verstedeliking en die nywerheid ons nie van ons erfenis ontroof nie en die steeds toenemende stedelike bevolking met die natuur in voeling kan bly, en ons veldblomme en mooi plekke vir die nageslag bewaar kan word. Ons moet bepaal wat ons behoeftes is, n inventaris van die beskikbare hulpbronne maak, n ontspanningsplan en -program opstel, dit uitvoer en mense leer om hulle vrye tyd op konstruktiewe wyse te benut.

Ons moet ons aanpas by die feit dat parke vir ontspanning voorsiening moet maak en nie net plekke met groen grasperke en pragtige blomme moet wees nie. Die mens het die natuur in die stad nodig - nie net om visuele en fisiese ontspanning te bied ten einde

die spanninge van hulle lewens te verlig nie, maar om ook aan hulle die geleentheid te gee om te speel en hulleself in verfrissende vryetydsontspanning uit te leef. Daarbenewens moet ons onthou dat ontspanning veel meer behels as sportvelde, rolbalkklubs, tennisbane en swembaddens. Ons moet ook insien dat die bewoners van hoë geboue se behoefte aan ontspanningsgeriewe verskil van die van die huisbewoner wat in 'n tuin kan ploeter, of sy eie werkwinkel het, en dat die behoeftes van die verskillende inkomstegroepe van mekaar verskil en dat deelname in buiteligontspanning regstreeks met ekonomiese status en die lewenspeil verband hou. Daar is in die algemeen 'n wederkerige verband tussen hoë inkomste en lae digtheid, en die patroon is ietwat soortgelyk aan dié op die inkomsteverspreidingskaart.

Motorkarre speel 'n uiters belangrike rol in ontspanning, aangesien die motorkar by verre die gewildste vervoermiddel is; daardeur is dit nou verbonde aan die ontspanningsbedrywigheid, maar dit is 'n vermaak wat 'n doelwit moet hê om dit behoorlik te kan geniet. Die doelwit is in die meeste gevalle 'n oop ruimte waar die gesin piekniek kan hou, kan ontspan en die buitelig kan geniet.

Voorligting in vryetydsbesteding

Ontspanningsgeriewe moet sodanig wees dat dit vir vryetydsbedrywigheede voorsiening maak, sodat mense die tyd tot hulle beskikking kan geniet en dit is waar ontspanningsentrums en ontspanningsklubs tot hulle reg kom, want dit is met die professionele leiding en geriewe by sulke sentrums dat die individu sy talente kan ontwikkel, sy hande en denke kan koördineer in verband met afleiding wat tasbare belonings bring vir die moeite wat daaraan bestee word, sodat hy selfkennis kan opdoen en 'n bevrediging kan vind wat sy werk hom nie kan bied nie. Ontspanningsentrums lewer 'n diens wat waardevoller is as wat in die algemeen besef word, en die hoë koste wat daaraan verbonde is, word meer as geregverdig deur hulle klaarblyklike sosiale en sielkundige voordele. Kan sommige van dié ontspanningsentrums nie in die vervolg in parke en op oop ruimtes opgerig word nie sodat stadsinwoners, wat deur beton in die stede ingehok is, die geleentheid kan hê om tuine te maak en iets omtrent die plantelewe te leer en op die wyse in voeling te bly met die grond en terselfdertyd miskien 'n diens aan die gemeenskap te lewer deur te help met die bewaring en verfraaiing van ons oop ruimtes ?

Omdat so baie stadskinders, en inderdaad volwassenes ook, voelig met die dierewêreld verloor, dink ek dat dit belangrik is dat mense wat in stede woon, en veral dié wat in woonstelle woon waar dit moeilik, indien nie onmoontlik nie, is om troeteldiere aan te hou, die geleentheid behoort te hê om wilde diere van naby te kan sien sonder om honderde myle af te lê om dit te kan doen. Die welslae van die Krugersdorpse plaaslike wild park en die lewendige belangstelling wat die publiek die afgelope week of twee gelede in die geboorte van 'n klein renostertjie getoon het, is 'n bewys hiervan. Soos baie van u weet, is daar onlangs 'n private leepark naby Johannesburg geopen, en baie mense wat nie na die Krugerwildtuin toe kan gaan nie, gaan Sondag en weksdae soontoe. Daar is ruimte vir meer sulke wildparke wat gerieflik gelee is in 'n tipiese landskap en wat deur munisipaliteite ontwikkel word tot voordeel en genot van hulle plaaslike bevolkings.

Toerisme

Ek het vroeër in my toespraak kortliks hierna verwys en nou wil ek sê dat dit dringend noodsaaklik is dat ons so gou as moontlik moet begin om die estetiese voorkoms van ons stede te verbeter sodat

dit n gunstige indruk maak op diegene wat dit besoek maar nie gekom het om hier te bly nie. Ons Parke-afdeling kan in die opsig baie doen deur benewens skouspelagtige parke, miskien met dinge van historiese belang, skouspelagtige mooi plekke in die stad te skep en die voorkoms van eentonige strate te verander deur mandjies met pragtige blomme aan die lamppale op te hang. Durban het die leiding op die gebied geneem en ek het al baie komplimente gehoor oor die bakke met blomme rondom die stadshuis en die blomme in Weststraat. Hulle roostuin is n verruklike plek, net soos die pragtige Japannese tuin wat eens n moerasagtige stuk afvalgrond was.

Daar kan miskien n opelugteater in n manjifieke landskaptuin opgerig word - as dit in die nat, roetbesoedelde Londen gedoen kan word, hoekom nie in Johannesburg nie? Dit sal baie geld kos, maar sal die mynmaatskappye nie help nie? Hulle dra mildelik tot baie ondernemings by; die mees onlangse bydrae was vir hartnavorsing. Sal dit nie n goeie gedagte wees as hulle mildelik daartoe kan bydra om mense se harte te verheug solank hulle nog leef nie? Ek dink ek is reg as ek sê dat Kaapstad n deel van sy parkgrond gebruik het om aan sy inwoners so n teater in Maynardville te verskaf. Ons weet natuurlik almal dat die moederstad die tuiste van die wêreldberoemde Kirstenboschse botaniese tuin, n nasionale park, is, terwyl n mens die interessante Karootuin by Worcester, nie so ver daarvandaan nie en wat met n aangename roete uit die stad uit bereik kan word, kan besoek.

Port Elizabeth het ook gewys wat gedoen kan word deur die herwinning van moerasgrond, want Happy Valley is n genot vir die stad se inwoners sowel as vir besoekers. Springs, aan die Oosrand, het goeie werk gedoen deur n lelike ou mynhoop in n mooi plek om te skep, terwyl Pretoria welbekend is vir sy tuine by Brummeriapark en sy ontspanningsterrein by die Fonteine.

Ons beskik oor baie van dié potensiële ontspanningshulpbronne in die Republiek, en elkeen van ons moet ons deel doen om buiteluggeriewe te bewaar, veral dié van ons wat in die binneland woon, en ons moet met versierendheid en verbeelding die beskikbare hulpbronne tot voordeel van on stadsinwoners ontwikkel.

Dit was baie bemoedigend om te hoor dat die Suid-Afrikaanse Natuurunie onlangs n konferensie in Pretoria gehou het; op die konferensie is daar oorweging geskenk aan die beplanning van ontspanningsgeriewe op n provinsiale en nasionale skaal, sodat daar gebiede vir buitelugbedrywigheede afgesonder kan word. Op dié konferensie het beamptes van verskeie staatsdepartemente referate oor n groot verskeidenheid onderwerpe gelewer, en ek moet sê dat grond vir ander doeleindes gebruik sal word en vir die nageslag verlore sal gaan tensy daar betyds geskikte gebiede afgesonder word. Al die sprekers het die noodsaaklikheid van meer oop ruimtes vir die bevolking van die toekoms beklemtoon sodat ons water, veld, veldblomme en wilde diere bewaar kan word. Hulle het ook berig wat elke departement gedoen het om te help om ontspanningsgeriewe op n streekgrondslag te voorsien. Dit was die mening dat die vraag na buitelugontspanning teen die einde van die eeu in Suid Afrika sal verviervoudig, en dat die gebrek aan behoorlike beplanning en beheer tot gevolg mag hê dat die land later met krotbuurte soos die waarmee Amerika te doen het, te kampe sal hê. Die spreker het egter gesê dat Suid Afrika met versierendheid en vasberadenheid op die terrein van buitelugontspanning en die benutting van die natuurlike omgewing 'n voorbeeld vir die res van Afrika kan word.

Ons het onself tot nou toe nog net by die behoeftes van die blanke-bevolking bepaal, maar daar is net so 'n groot behoefte, indien dit nie groter is nie, aan alle vorms van ontspanning vir die verskillende Nie-blanke-groepe wat - en dit mag ons nie vergeet nie - baie groter in getalle is en wie se lewens baie verveliger en eentoniger as ons s'n is. Wat behoort die owerhede vir die mense te doen ?

Vir die groot Bantoe-bevolking moet daar feitlik elke vorm van ontspanningsgerief voorsien word - nie net sokkervelde met 'n paar tennisbane daarby nie. Geskikte waterplesierplekke, waar bootry sowel as watersport beoefen kan word, sal 'n geweldige verbetering in al die Nie-blanke-gebiede meebring. Kunsmatige damme kan gebou word en die genot wat die mense daaruit sal put, sal die moeite en koste daarvan regverdig.

Dan is daar ook 'n behoefte aan opelug-amfiteaters waar die stadsrade en private ondernemings benewens die tradisionele teateraanbiedings, musiekkonserte, jazz-feeste, skoonheidskompetisies en modeparades, ook ander gesonde vermaak soos bokswedstryde, gewig-optelkompetisies, ens., kan aanbied.

Die waarde van ontspanningsgeriewe vir die Bantoe-bevolking is so belangrik dat ons dit in Johannesburg as absoluut noodsaaklik beskou en ofskoon ons ontspanningsprogram baie geld kos (ongeveer 'n half- tot 'n driekwartmiljoen rand per jaar) glo ons dat dit 'n baie belangrike faktor is in die handhawing van rassevrede in Johannesburg.

'n Ander noodsaaklikheid is alle soorte kinderparke en speel terreine en die kan saam met skoolspeelterreine voorsien word.

Laastens het ons Stadsraad al die meer gesofistikeerde geriewe soos fietsrenbane, atletiekbane, rolbalperke, hardeblad-tennisbane, grassokkervelde waar daar saans onder spreiligte beroepsokker gespeel kan word, swembaddens en 'n gholfbaan in die Bantoe- en Kleurlinggebiede voorsien - geriewe wat tot groot tevredenheid en geluk onder die bevolking aanleiding gee.

'n Mens kom soms te staan voor die argument dat daar geen ontspanningsgeriewe, parke, ensovoorts vir ons Nie-blanke-bevolking voorsien behoort te word nie tensy hulle self al die koste daarvan kan betaal. Daar word nie rekening gehou met die feit dat die merendeel van die Bantoe-gesinne onder die subekonomiese groep ressorteer en eenvoudig nie oor die middele beskik om sulke rekenings te kan betaal nie.

Wat die behoefte aan parke, biblioteke, speelterreine van alle soorte en al die ander verbeterings wat ek genoem het, betref, moet dit onthou word dat meer as 90% van ons Bantoe- en Kleurlinggesinne in huise met hoogstens vier kamers woon; gevolglik is daar gewoonlik net geen plek in die huis waar die mense stokperdjies kan beoefen nie en moet hulle hulle vermaak dus elders gaan soek. Dit is baie beter om dit onder aantreklike omstandighede, wat bevorderlik vir die geestelike en verstandelike ontwikkeling is, te doen as om vermaak op straathoeke en in smokkelkroeë te gaan soek.

Ek het gesê dat dit noodsaaklik is dat daar skouspelagtige parke, wat 'n lus vir die oog en balsem vir 'n gekwelde gees is, voorsien moet word, en nou wil ek u veral een storie vertel.

By Tod Inlet, naby Victoria op die Eiland van Vancouver, in Brits-Columbia, is daar 'n lewende monument van twee mense, 'n man en vrou, wat in hulle leeftyd 'n juweel van sulke prag en skoonheid geskep het dat dit vir almal wat dit sien, louter genot en plesier verskaf. Dit is die Butchart-tuine, die pragstuk van die Noordwestelike Stille Oseaan.

U kom skielik by die rand van 'n rots, en voor u is daar 'n asemrowende toneel, want daar, vyftig voet na onder, in 'n groot kom wat uit soliede rots gekap is, lê die dieptuin; duisende blomplante, bome en struik skep 'n towerwêreld van kleur, ligroos en purper tot helderrooi en blou, smaraggroen grasperke en 'n dam waarvan die wal met gousblomme beplant is, en van die verste rand van die kom af, waar die malvas afhang, stort 'n kristalhelder waterval in 'n silwer poel.

Robert Butchart was 'n pionier in die vervaardiging van Portland-sement in Kanada, en hy en sy vrou, Jenny, het in 1904 weswaarts getrek om 'n nuwe kalksteengroef te open en hy het daar naby 'n groot woonhuis gebou. Vyf jaar later was die groef, waarvan die kalksteen toe uitgeput was, 'n lelike gapende moddergat - 'n toneel wat Jenny Butchart dikwels tot tranes geroer het. Sy was van mening dat dit hulle plig was om dit te verfraai, aangesien hulle dit in die eerste plek so lelik gemaak het, en een agtermiddag toe dit haar meer as gewoonlik ontstel het, want sy was 'n persoon wat lief vir skoonheid was, het die gedagte by haar ontstaan om die groef in 'n landskaptuin te omskep. Sy het destyds min kennis van tuinmaak of landskapverfraaiing gehad, maar wat sy wel gehad het, was 'n grenslose geesdrif en 'n natuurlike kunsaanleg; haar man, wat die geld voorsien het, het haar heelhartig gesteun. „Plant jy, ek sal betaal” het hy na bewering gesê en so is daar begin met die tuinproefneming wat sulke verreikende gevolge sou hê.

Jenny Butchart het oor 'n tydperk van vyf jaar, nadat sy begin het met pronkertjies en rankrose wat 'n vriendin aan haar gegee het, die groef in 'n pragtige dieptuin verander, met heldergroen grasperke, 'n meer, helderkleurige blomme wat langs die mure van die groef afhang. Die nuus van die tuin is versprei en besoekers het die skoonheid daarvan kom besigtig. Jenny het gesê dat blomme van verbygaande aard is en dat mense hulle skoonheid behoort te geniet; tot nou toe het ses miljoen mense dit gedoen.

Haar pogings het nie by die verfraaiing van die groef geëindig nie; sy het ook 'n voortreflike Engelse roostuin, 'n formele Italiaanse tuin omring deur heinings wat soos Florentynse standbeelde gesny is, en 'n fyn Japanese tuin teen 'n woud van Douglasdennebome aangelê. Die hele tuin beslaan ongeveer 25 acre van die eiendom.

Dit alles het baie geld, wat haar man voorsien het, gekos, en sy het arbeiders gehad om haar te help, maar niemand het harder as Jenny gewerk nie. Sy en haar man het gedurende die winterseisoene

uitgebreide reise onderneem en oral waar hulle gegaan het, het sy plante vir haar geliefde tuin, seldsame soorte, saad en bome versamel om by die miljoene plante wat reeds in die ou kalkput geblom het, te voeg.

Die Butcharts het in 1939 aangebied om die tuin aan die stadsraad van Victoria of die Provinsiale Regering teen 'n bedrag van een dollar te verkoop, maar nie een van hulle was bereid om vir die onderhoud daarvan te betaal nie. Gevolglik is dit bemaak aan 'n kleinseun, mnr. Ian Ross, wat nadat hy van die oorlog teruggekeer het, die tuin met behulp van Engelse, Hollandse, Portugese en Poolse immigranttuiniers in ere herstel het.

Daar is 'n vaste personeel wat uit veertig lede bestaan, en vyf-en-twintig tuiniers voorsien blomme vir al die seisoene, maar die onkoste is ontsaglik, en mnr. Ross was verplig om 'n klein toegangsfooi te vorder ten einde die tuine te kan bewaar, en Benvenuto - wat „welkom” beteken - soos die landgoed bekend staan, het nou geen skuld meer nie.

Ian Ross het in 1953 vier myl ondergrondse bedrading vir 'n verligtingstelsel aangelê; die tuine is nou saans net so gewild as bedags - dit is 'n wonderland van kleur in die sagte gloed van 'n honderd verskuilde ligte. 350,000 besoekers besoek die tuin per jaar, en daar is altyd 'n opeenhoping op die motorparkeerterrein, waar daar plek vir 1,000 motors is; twintig tot dertig busse bring elke dag mense wat 'n honger na skoonheid om die lewende, lieflike herinnering aan Jenny en Robert Butchart te geniet.

Dit was my voorreg om dié tuine verlede jaar te besoek, en ek wil nou vir u 'n paar skyfies wys om u 'n indruk te gee van hoe dié herskeppingsgebied lyk - wat gedoen kan word om die sinne van die mens tot genotryke hoogtes te laat uitstyg.

JOHANNESBURG.
September 1968.

Collection Number: A1132

Collection Name: Patrick LEWIS Papers, 1949-1987

PUBLISHER:

Publisher: Historical Papers Research Archive, University of the Witwatersrand, Johannesburg, South Africa

Location: Johannesburg

©2016

LEGAL NOTICES:

Copyright Notice: All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

Disclaimer and Terms of Use: Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

This collection forms part of a collection, held at the Historical Papers Research Archive, University of the Witwatersrand, Johannesburg, South Africa.